Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Diploma in Teologie (06120003)

Duur van studie	3 jaar
Totale krediete	376

Programinligting

Hierdie program bied algemene teologiese opleiding aan studente wat die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het vir Diplomastudies. Dit bied ’n basis vir eie-kerklike programme, vorming en praktiese opleiding met die oog op Woordbediening.

’n Vaste leergang word voorgeskryf.

Die program word slegs in Engels aangebied.

Die student wat vir hierdie program inskryf, moet sy of haar leergang aan die begin van elke akademiese jaar aan die Programkoördineerder vir goedkeuring voorlê.

Die diploma in Teologie bestaan uit dieselfde vakke as vir die twee graadprogramme in Teologie en studente wat goed presteer, kan moontlik tot nagraadse studie toegelaat word.

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.

Minimum vereistes vir 2017				
Prestasievlak				
Afrikaans of Engels				**TPT**
NSS/IEB	**HIGCSE**	**AS-Level**	**A-Level**	
3	4	E	E	22 (20-21 toelating gebaseer op die NBT)

Ander programspesifieke inligting

Notas:

- Die modules waarna verwys word, is semestermodules.

- ALL 110 en ALL 120 moet gedurende die eerste studiejaar van die program afgehandel word as deel van die voorgeskrewe leerplan.
- Rekenaargeletterdheid: Die volgende modules gedurende die eerste jaar van studie afgehandel word: AIM 111 en AIM 121.
- Indien hierdie program aan ’n seminarie of kollege gevolg word (in navolging van ’n ooreenkoms tussen so ’n instelling en die Universiteit van Pretoria), word die semestermodules tydens dieselfde registrasieperiode aangebied.
- Sekere modules is ’n voorvereiste vir latere modules.
- Indien daar nie genoeg studente vir ’n module inskryf ten einde die aanbieding daarvan ekonomies te regverdig nie, kan die Dekaan besluit om so ’n module te onttrek. Studente sal betyds van so ’n besluit ingelig word, sodat hulle vir ’n ander module kan inskryf.
- Die onderrigrooster moet in aanmerking geneem word.
- ’n Student mag die getal modules per studiejaar met twee semestermodules of een jaarmodule oorskry, mits die Dekaan dit goedkeur.

Eksamens en slaagvereistes

Spesiale eksamens
Sien Algemene Regulasies G.12.4 en G.12.6.
’n Student wat aan al die vereistes vir die diploma voldoen het met uitsondering van hoogstens vier kwartaalmodules, twee semestermodules of een jaarmodule waarin hy of sy ’n gesamentlike syfer van minstens 40% behaal het, mag toegelaat word om aan die einde van die daaropvolgende semester ’n spesiale eksamen in die betrokke modules af te lê.

Bevordering tot volgende studiejaar

(i) Om tot die tweede studiejaar toegelaat te word, moet ’n student minstens 8 semestermodules slaag, tensy die Dekaan anders beslis.
(ii) Om tot die derde studiejaar toegelaat te word, moet ’n student in minstens 21 semestermodules slaag, tensy die Dekaan anders beslis.

Akademiese uitsluiting
Die Dekaan mag op aanbeveling van die betrokke fakulteitskomitee, ’n student akademies uitsluit deur die registrasie vir die bepaalde jaar of vir die volgende jaar te beëindig, indien hy of sy nie aan die gestelde minimum vereistes voldoen nie. U mag teen akademiese uitsluiting appelleer, maar dis wenslik om enige probleme so gou moontlik op te los. Raadpleeg u dosent sodra u probleme met u studies ondervind.

Slaag met lof

Die diploma word met lof aan ‘n student toegeken wat ten minste ‘n gemiddeld van 75% (GPA) in al die voorgeskrewe modules van die finale jaar behaal op voorwaarde dat nie een van die modules voorheen gedruip is nie en dat die program binne die voorgeskrewe minimum tydperk voltooi is.

Algemene inligting

Die doel van die Dekaanslys is om erkenning te gee aan die top akademiese presteerders in die Fakulteit.

Ten einde te kwalifiseer vir Dekaanlys, moet 'n student 'n uitstaande akademiese rekord vir voltooide studies behaal het.

Voorgraadse studente (BDiv, BTh en Dip [Teol]) moet 'n gemiddeld van 75% (GPA) of hoër behaal het in al hul studiejare. Geen modules mag herhaal word nie, en alle modules moet in dieselfde jaar geregistreer word vir die spesifieke jaar van studie.

Honneursstudente moet ‘n gemiddeld van 75% (GPA) of meer bereik. Voltydse student moet die grad in een jaar voltooi, en deeltydse student in twee jaar. Geen modules mag herhaal word nie.

Magisterstudente moet 'n gemiddeld van 75% (GPA) of meer bereik, en die graad moet in die minimum voorgeskrewe tyd voltooi.

Die toppresteerders van die Fakulteit wie gekies word om deel van die Dekaanslys te wees, sal tydens 'n funksie wat jaarliks deur die Dekaan aangebied word, erken word.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 120

Alle voorgeskrywe modules moet geneem word op eerstejaarsvlak.

Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Academic literacy for Theology 120 (ALL 120) - Krediete: 6.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Academic literacy 110 (ALL 110) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 105 (UPO 105) - Krediete: 0.00

Kernmodules

Inleiding tot die wêreld van die Ou Testament 114 (BYA 114) - Krediete: 10.00
Jeugbediening 114 (PTL 114) - Krediete: 10.00
Narratiewe in die Ou Testament 114 (OTW 114) - Krediete: 10.00
Oriëntasie in teologie 114 (TEO 114) - Krediete: 10.00
Oriëntasie in teologie 124 (TEO 124) - Krediete: 10.00
Inleiding tot die wêreld van die Nuwe Testament 124 (BYA 124) - Krediete: 10.00
Inleiding in die Nuwe Testament 124 (NTW 124) - Krediete: 10.00
Vroeë kerk tot Augustinus 114 (CHI 114) - Krediete: 10.00
Inleiding in dogmatiek en Christelike etiek 124 (DET 124) - Krediete: 10.00
Inleiding in godsdiens- en sendingwetenskap 124 (GSW 124) - Krediete: 10.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 135

Alle voorgeskrywe modules moet geneem word op tweedejaarsvlak.

Kernmodules

Studie van die geskrifte van Lukas 224 (NTW 224) - Krediete: 10.00
Gemeenskapsbetrokkenheid 214 (CYE 214) - Krediete: 15.00
Reformasie en die reformatoriese nalatenskap in Europa 214 (CHI 214) - Krediete: 10.00
Sleutelbegrippe en temas in Godsdienswetenskap en missiologie 214 (GSW 214) - Krediete: 10.00
Studie van die Johannese geskrifte 214 (NTW 214) - Krediete: 10.00
Die kerk in die resente geskiedenis 224 (CHI 224) - Krediete: 10.00
Leer oor die mens, Christologie en soteriologie 214 (DET 214) - Krediete: 10.00
Skrifgesag en -gebruik 224 (DET 224) - Krediete: 10.00
Metodiek van Ou-Testamentiese eksegese en die Vroeë Profete 214 (OTW 214) - Krediete: 10.00
Studie van die Ou-Testamentiese digters en apokaliptiek 224 (OTW 224) - Krediete: 10.00
Die Christendom in derdewêreldse konteks 224. (GSW 224) - Krediete: 10.00
Pastorale sorg 214 (PTL 214) - Krediete: 10.00
Prediking en erediens 224 (PTL 224) - Krediete: 10.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules:

All ses (6) voorgeskrewe eerstesemester kernmodules moet geneem word.

Elektiewe:

Kies ses (6) modules van die lys vir die tweede semester. Daar mag slegs in een departement beide modules gekies word.

Kernmodules

Studie van Paulus as skrywer en teoloog 314 (NTW 314) - Krediete: 10.00
Afrika en Suid-Afrika in die kerkgeskiedenis 314 (CHI 314) - Krediete: 10.00
Sosiale etiek, ekklesiologie en eskatologie 314 (DET 314) - Krediete: 10.00
Diakonaat en gemeenskapsontwikkeling 314 (PTL 314) - Krediete: 10.00
Studie van die Pentateug 314 (OTW 314) - Krediete: 10.00
Sending in praktiese perspektief 314 (GSW 314) - Krediete: 10.00

Keusemodules

Pastorale beraad, liturgiek en homiletiek 324 (PTL 324) - Krediete: 10.00
Oorsig van eietydse vraagstukke in die Sistematiese Teologie 325 (DET 325) - Krediete: 10.00
Die Kerk in eietydse missionale perspektief 325 (GSW 325) - Krediete: 10.00
Ou-Testamentiese teologie 325 (OTW 325) - Krediete: 10.00
Liturgiek, homiletiek en himnologie 325 (PTL 325) - Krediete: 10.00
Inleiding in die kerkreg 324 (CHI 324) - Krediete: 10.00
Afrika en Suid-Afrika in die kerkgeskiedenis 325 (CHI 325) - Krediete: 10.00
Oorsig van eietydse strominge in die Sistematiese Teologie 324 (DET 324) - Krediete: 10.00
Studie van die Deutero-Pauliniese geskrifte 324 (NTW 324) - Krediete: 10.00
Ontmoeting met wêreldgodsdienste 324 (GSW 324) - Krediete: 10.00
Bestudering van die Profete 324 (OTW 324) - Krediete: 10.00
Nuwe-Testamentiese teologie en etiek 325 (NTW 325) - Krediete: 10.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.